Heilbron
# Herald
*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*
WEEK 19 Deel 110
VRYDAG - 17 MEI 2019
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Leeuwyfie gryp kleuter deur heining

'n Kleuterdogtertjie (4), Dinamarie de Beer, is op Moedersdag deur 'n 2-jarige leeu beseer wat haar deur 'n heining gegryp het tydens 'n begeleide toer by die Weltevrede-leeuplaas tussen Sasolburg en Heilbron. Volgens berigte het 'n leeuwyfie wat in 'n ander kamp was vir Pieter de Beer, Dinamarie se pa, deur die heining gegryp en sy dogter aan die kop beetgekry. Talle besoekers het die leeu probeer verwilder sodat sy die kleuter kan los. De Beer het aan Maroela Media gesê dat hy 'n ent van die heining af weg was nadat die toergids hulle gewaarsku het oor die leeu in 'n kamp agter hulle. Kort daarna het die leeu opgespring en hom deur die heining gegryp. Dinamarie was in sy arms en het beserings aan haar skedel opgedoen. Sy was teen Woensdag nog in in die waakeenheid van die Netcare Unie-hospitaal in Alberton. Sy word streng dopgehou vir enige tekens van infeksie. 'n Gedeelte van haar skedel is verwyder om drukking op haar brein te verlig. Pieter de Beer het kapwonde aan sy rug, nek en bors opgedoen waar die leeu hom gegryp het. “Dit was 'n fratsongeluk op 'n begeleide toer. Die gids het gesê hulle moet net wegstaan van die draad af omdat die leeu agter hulle staan en tien sekondes daarna trek die leeu die pa en die kind nader. Die reëls is duidelik aan die besoekers uiteengesit voordat hulle die leeus besoek het.” sê Charlene van Wyk van Weltevrede-leeuplaas. 'n Verteenwoordiger van Natuurbewaring het Dinsdag besoek afgelê by Weltevrede-leeuplaas. Na ondersoek is dit bevestig dat die plaas se veiligheidsmaatreëls op standaard is volgens vereistes en kon geen fout daarmee gevind word nie. 'n Woordvoerder van Weltevrede sê hulle is steeds bekommerd oor Dinamarie, maar onder die omstandighede gaan dit beter met haar.



*Op die foto: een van talle borde wat by Weltevrede-leeuplaas te sien is.*

## Varkpes nou ook in Heilbron



Nadat dit bekend geword het dat Varkpes (African Swine Fever) naby Delmas in Mpumalanga uitgebreek het, is dit op meer plekke in Suid-Afrika aangemeld, nl by Daveyton in Gauteng en in April het dit in Noordwes versprei. Op Maandag, 13 Mei is daar 'n brief uitgereik deur die staatsveearts, dr Alex Westerink in Heilbron, wat bevestig dat Varkpes in die Heilbron-distrik voorkom. Khaye Nkwanyana, woordvoerder van die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye het gesê dat al vier uitbrekings buite die beheerde gebied vir Varkpes was. Die gebiede wat geraak word deur Varkpes is onder kwarantyn geplaas.

Varkpes is 'n virus en die ontstaan en verspreiding in hierdie area word ondersoek. Dit word van dier na dier versprei, onder andere ook deur besmette skoene en voertuie. 'n Area wat nie ontsmet word nie, kan vir so lank as 3 - 4 maande besmet bly. Die inkubasie-periode is 5 - 21 dae en siek diere vrek binne enkele dae. Die abnormale groot hoeveelheid vrektes kan aandui dat diere besmet is. Verdere verspreiding van Varkpes kan voorkom word deur varke slegs van betroubare bronne aan te koop.

Indien varke op 'n veiling aangekoop word, moet die aankoper 'n skriftelike verklaring vanaf die verkoper ontvang wat aandui dat die varke gesond is en nie Varkpes het nie. Maak seker gesonde varke kom nie in aanraking met varke wat 'n onbekende gesondheidstatus het nie. Varkboere moet bio-sekuriteit handhaaf deur goeie higiëne toe te pas. Varke moenie gevoer word met kombuisafval nie omdat besmette vleisprodukte ook varke siektes kan gee.

Daar word 'n beroep op varkboere gedoen, dat indien skielike siektes en vrektes onder die varke opduik dit by die naaste veearts aangemeld moet word. Volgens die plaaslike veearts is die vleis veilig vir menslike gebruik. Vir verdere navrae kan die staats- of privaat veeartse gekontak word.

WATCH THIS SPACE
JAC
HOU DIE SPASIE DOP

## Inwoners vat hande vir teerprojek

Operasie Slaggat is Maandag weer voortgesit. Finansiële bydrae kan steeds by Heilbron Herald gemaak word. Baie dankie aan almal wat by die projek betrokke is en diegene wat reeds bydrae gelewer het. Fondse word steeds dringend benodig. R20 000 is nodig om 400 sakkies teer te koop. Heilbronners word uitgedaag om deel te wees van die projek.




FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
“Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!”

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07
NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za
BKB LOUWID

TATA HEILBRON
VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!
NOU OOP VIR BESIGHEID!
TATA HEILBRON

# Sorg dat dit in jóu tuin gons

## *Wêreldbyedag - Maandag 20 Mei 2019*

Jy het bye nodig, en jou tuin het bye nodig - as almal wil eet en oorleef, het die wêreld bye nodig! Waarom? Want dié besige goggatjies bestuif omtrent een derde van al die voedselgewasse, en ongeveer 90% van alle veldblomme, en sorg dus dat hulle oorleef, gedy en floreer.

In die land en elders daal byegetalle egter baie vinnig. Jy kan die volgende doen om bye te bewaar. Maak eerstens seker dat jou tuin, stoeppotte, balkon of agterplaas vol plante is wat hulle sal gee wat hulle nodig het - wei- of byekos. Bye se wei- of byekos bestaan uit die nektar en stuifmeel van blomplante binne hul bereik. Byeboere slaan baie ag op bronne van weiding vir heuningbye, As jy nie mooi weet watter plante bye-vriendelik is nie, kan jy Candide aflaai. Dit is 'n GRATIS tuinmaaktoep vir mense wat sosiaal en eko-bewus is, en sal jou inlig oor watter plante bye die hartlikste verwelkom. “Daar’s een spesie wat jy bo alle ander die tuinier se beste vriend kan noem.” sê Shani Krige van Candide, “en dit is bye. Danksy hul intuïtiewe kruisbestuiwingstelsel sorg hulle dat talle plante aan die lewe bly, van blomme en struike tot groente, kruie en bome. Dis dié verskeidenheid, dié biodiversiteit, wat 'n gesonde omgewing skep wat alle lewende dinge aan die lewe kan hou - die grotes, die kleintjies, en die piepkleintjies. In die natuur hou alles op die een of ander manier met mekaar verband, en bye is die enkele belangrikste samesnoerder.” Volgens Krige hou bye van talle plante, dikwels dié met blomme met helder kleure en sterk reuke. “In die ontdekkings-afdeling van die toep is daar inligting oor die beste plante in jou tuin om bye te lok, soos aalwyne, vygies, madeliefies, proteas, heide, kanferfoelie, muishondblaar, salie, soetdoring, laventel en roosmaryn,” sê Krige. Daar is ook baie feite oor bye, en aanwysings vir hoe om 'n byelokboks te maak. Jy kan ook 'n hele gemeenskap plaaslike en internasionale mense met bye op die brein ontmoet. “Daar is miskien reeds etlike byevriendelike plante in jou tuin. As jy onseker is, gebruik dan ons pas ontwikkelde Plant-uitkenningsfunksie in die toep se kennis-afdeling om dit vas te stel,” voeg Krige by.

**BESIGE BYTJIES**

Die daling in byegetalle het ook 'n uitwerking op die produksie van heuning - daardie kosbare goue vloeistof wat al van die heel vroegste tyd vir sy genesende en voedings-eienskappe geliefd is. Het jy byvoorbeeld geweet dat een by in sy leeftyd minder as 'n kwart-teelepel heuning sal maak, en dat 60 000 bye bykans 90 000 km sal moet aflê en meer as 2 miljoen blomme sal moet besoek om een fles van 450 g suiwer rou heuning te maak? Die verbruik van heuning neem toe, en ons kan dit dus beslis nie bekostig om 'n enkele by prys te gee nie. Elke by is elke dag verantwoordelik vir tussen 10 en 100 stuifmeelbesoeke aan tot 5 000 blomme. Die koninginby beweeg glad nie, maar doen meer as haar deel deur tot 1 000 eiers in 24 uur te lê! Waarom word bye so bedreig? Daar is talle redes, maar verlies aan habitat is die belangrikste. Namate grond ontwikkel word, verdwyn baie van die plante wat bye as kos gebruik. Landbou met een gewas bring mee dat die verskeidenheid wat bye nodig het, verminder. Klimaatsverandering en die stygende temperature wat dit meebring, beteken dat blomme en bye se patrone nie meer saamval nie. Daar is siektes en virusse soos Amerikaanse vuilbroed en Kolonie-ineenstortingsafwyking. Laastens is daar die gebruik van plaagdoders, onkruiddoders en geneties aangepaste voedselsoorte.



**WORD 'N BYEVRIEND**

Die eintlike vraag is - hoe kan jy help om BYE TE RED? Jane Griffiths, Suid-Afrika se kenner oor organiese tuinmaak en ’n blitsverkoperskrywer, het 'n byekorf in haar tuin. “Een van die voordele van 'n byekorf is dat dit ’n tuiste bied aan insekte wat voordelig is – nie net vir my tuin nie, maar vir die buurt in die algemeen,” sê Griffiths. “Bye is vir ons voedselketting van die grootste belang omdat hulle plante bestuif terwyl hulle nektar en stuifmeel soek.”

**Hier is enkele maklike maniere waarop jy kan help om ons bye te red:**

• Word 'n bestuiwingsvoorstander. Skep 'n bestuiwingsvriendelike tuin deur kleurryke blomme te plant en plante met enkelblomblare te kweek. Laai die gratis Candide-tuinmaaktoep af vir inligting oor watter plante byevriendelik is.

• Ken jou onkruid. Dink aan die bye voordat jy onkruid uittrek. Sommige onkruidsoorte is 'n goeie bron van stuifmeel en nektar vir hardwerkende bye wat voor die aanvang van die winter nog bronne van kos soek.

• Steun plaaslike produkte. As jy plaaslike rou heuning koop, steun jy plaaslike byeboere en hul bye, en daarmee saam jou dorp of stad se omgewingsgesondheid, om van jou eie gesondheid nie te praat nie.

• Ken jou bye. Daar is wêreldwyd meer as 20 000 spesies, maar in Suid-Afrika val die klem op Apis mellifera (Europese heuningby) en Apis mellifera capensis (die Kaapse heuningby). Praat met jou plaaslike byeboer en leer meer hieroor.

• Vermy alle plaagdoders en chemikalieë in jou tuin.

• Laat swerms met rus. Swerms is 'n natuurlike proses wat hom voordoen wanneer byekolonies se neste uitgedien raak. Skakel jou plaaslike byeboer of byeboervereniging as jy ’n swerm sien. Kies ’n ekovriendelike persoon of groep wat ’n swerm sal versamel om daarmee te boer, of hulle na ’n veiliger nuwe woonplek sal neem eerder as om hulle te vernietig. Swermbye is rustig en hou min gevaar in, maar kan aggressief word as hulle versteur of met water gespuit word. Laat hulle met rus en wag tot hulp opdaag.

*Laai Candide gratis van die Google Play Store of Apple App Store af vir nog inligting wat met bye te doen het, onder meer heuning-resepte en die medisinale gebruike van heuning.*

# Dienssentrumlede gesels saam oor die gewoontes van voëls

## *Geluide en gewoontes van voëls in ons area*



*Lede van Heilbron Dienssentrum het heerlik saam GP Rossouw gesels wat hierdie week se gasspreker was. Die gesprekke het gelui oor geluide en gewoontes van voëls in hierdie area. Hy was behoorlik gepeper met die vrae na die program. Op die foto bo volg: GP Rossouw, Issie Buhrmeister, Sue van der Westhuizen en Willie van Tonder. Hierdie drie lede vier hulle verjaarsdae in Mei. Sien uit na volgende week se byeenkoms – daar is kruiemedisyne op die program.*

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 3 | | | 4 | 9 | 8 | 6 |
| 6 | 4 | 5 | 3 | 9 | | 1 | 2 | 7 |
| 8 | 9 | | | | | | 4 | 3 |
| 3 | | 9 | 2 | | 5 | 4 | | 1 |
| | | 2 | 4 | | 9 | 7 | | 8 |
| | 7 | 4 | | 6 | 1 | | 3 | 9 |
| 2 | | | 7 | 5 | | 6 | | |
| | | | 1 | | 2 | 8 | 7 | 5 |
| 4 | | | | | | 3 | | 2 |

**SUDOKU** -

*Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.*

# Boer aangekla van veediefstal en bedrog

Corné Loggenberg (37), 'n boer, huidig van Sasolburg word aangekla van veediefstal en bedrog ter waarde van R25 miljoen. 2 136 Holsteinbeeste is wat Loggenberg gehuur het en in sy melkery gebruik het is betrokke. Loggenberg het destyds op die plaas Kirkdale tussen Heilbron en Koppies geboer. Daar word berig dat Loggenberg in 2018 skuld ontken het op 339 aanklagte waarvan 18 van die aanklagte van diefstal uit kontrakte was wat hy met ander boere, boerderye of trusts aangegaan het. Die huurkontrakte wat gewissel het van drie tot vyf jaar lank, was om Holsteinbeeste te huur om Loggenberg se boerdery uit te brei. Nadat Loggenberg gefaal het om sy huur te betaal, het die eienaars van die beeste begin ondersoek instel en toe ontdek dat die beeste nie meer op die plaas is nie. Daar word beweer dat Loggenberg die beeste verkoop het en die geld vir homself gevat het. Volgens onlangse berigte het Loggenberg beeste van mnr Hannes Steyn ook verkoop. Steyn, 'n afgetrede predikant, noem dat hy soos 'n seun vir hom was. Hy en sy vrou het Loggenberg vertrou met hul beeste en skielik was daar niks meer oor nie.

Die verhoor is weer in Mei 2019 hervat en duur nog voort.

# "Stop 'n Shop"




# Negentig goue jare

Negentig goue en silwer jare is hierdie naweek by Goedehoop gevier. Tannie Lulu van Tonder, 'n inwoner van Huis Bron-van-Heil en moeder van Marise Hattingh, het op 14 Mei haar 90ste verjaarsdag gevier.

Saam met familie en naaste vriende is daar die naweek lekker saam gekuier en natuurlik lekker geëet. Tannie Lulu is in 1929 in Boksburg gebore waarna sy in Johannesburg gewoon en grootgeword het. Sy het ingeskryf by Johannesburg se Tegniese Kollege vir verdere opleiding. Op die ouderdom van 19 verhuis haar ouers na Frankfort waar haar vader 'n slaghuis besit het en die mooiste houtmeubels gemaak het. Nadat Tannie Lulu haar opleiding voltooi het, het sy ook na Frankfort verhuis en met CV van Tonder getrou. Daar het hulle vir 21 jaar geboer en verhuis na Heilbron waar hulle nog 11 jaar op die plaas Berlyn geboer het. Nadat die egpaar afgetree het, het hulle vir 11 jaar in die kliphuis in Vegkop-uitbreiding gewoon en toe hulself in Huis Bron-van-Heil gevestig. Tannie Lulu en Oom CV was ook stigterslede van die Heilbron Dienssentrum by die NG Suidkerk waar sy vir baie jare sekretaresse was. Tannie Lulu is tans steeds woonagtig in Huis Bron-van-Heil, springlewendig en baie gesond!



*Op die foto agter: Marise Hattingh (dogter). Voor: Marise Andrag (kleindogter), Marise Jnr Andrag (agterkleindogter) en Tannie Lulu van Tonder.*

# What is hypertension?

*• Heilbron Clinic*

Hypertension means high blood pressure. You can't feel that you blood pressure is high, that is because high blood pressure doesn't make you feel sick. You may not even know that you have it. Ask the sister or doctor at your nearest clinic to test your blood pressure.

Remember to take your hypertension medication every day as prescribed by the doctor or sister.

**What increase the risk of getting hypertension?**

• Overweight • If other family members have hypertension • Pregnancy • No exercise • Certain drugs and medication • Stress • Age (older people have a higher risk) • Men also have a higher risk than women.

**What food can have an affect on your blood pressure?**

Fat

A high fat diet can cause you to become overweight, which in turn can lead to hypertension.

**Choose a diet low in fat!**

• Remove all fat from meat before cooking. • Remove skin from chicken before cooking • Avoid meat, which contains a lot of fat for example bacon, polony, viennas, russians and boerewors. • Do not fry foods in deep oil, rather roast, boil or bake. Rather use low fat margarine or Spray and Cook. • Do not add margarine, butter or oil to vegetables, porridge or other foods. • Eat less french fries, chips (eg. Simba), pies, pastries, biscuits, cakes, chocolate and other fatty foods. • Rather use skimmed or 2% low fat milk, instead of full cream milk. • Avoid coffee creamers (Cremora or Ellis Brown) and condensed milk.

**Alcohol**

Alcohol can increase your blood pressure. If you drink alcohol, drink no more than 1 drink for women and 2 drinks for men. 1 drink =

• 120 ml / 1 glass of wine or • 1 can of beer or • 60 ml spirits

**Fibre**

Roughage (fibre) will help to bring your blood pressure down.

**How do I eat more fibre?**

• Oats and legumes (e.g dry beans and lentils) are good sources of fibre. • Use brown or whole-wheat products, e.g. brown bread, brown rice, oats, mealie rice and barley instead of refined foods. • Fruits and vegetables must be eaten raw with skin (where possible)

Remember to drink lots of clean safe water.

**Salt**

Foods high in salt affect your blood pressure by increasing it.

**Try to avoid the following:**

• **Bottles:** Soya sauce, Worcester sauce, Tomato sauce, Chutney, Marmite.

• **Packets:** Instant soups and other "instant" products, potato chips.

• **Cans:** Baked beans, canned vegetables, bully beef.

• **Other:** Salt, beef or chicken stock, Aromat.

**What should I do except for changing my diet?**

• Be active. That doesn't mean you have to do hard exercises. Climbing stairs or going for a walk is also activity. Try to be active for more than 20 minutes in a day. • Stop smoking. Smoking can increase blood pressure. • If you are overweight it is important to lose weight, because being overweight can increase blood pressure.

# In die eg verbind



*Trouklokke het Saterdag, 11 Mei 2019 vir Wesley en Sumé gelui. Wesley Grant, seun van Elzabe en Raymond Grant van Heilbron, het Saterdag in die huwelik getree met Sumé van Staden, dogter van Kobus en Suzette van Staden. Die paartjie vestig hulself in Heilbron op die plaas Charleston in Heilbron distrik.*
*Foto erkenning: Dawie Fourie*



# SOETKOEK



**EK HET NOU NET VIR ONS DRIE HONDEKINDERS KOEKIES GEBAK.** Let wel: nie mensekoekies nie. As jy belangstel, hier is die resep:

6 koppies koekmeel
2 koppies semels
2 blokkies beesvleisaftreksel opgelos in 1 koppie kookwater
2 eiers
½ koppie grondboontjiebotter
1 pakkie soppoeier
1 koppie melk
1 koppie olie
1 tl sout

Meng alles saam, knie goed. Rol dun uit en druk vormpies. Bak by 190°C vir 20 - 25 minute.

**ONS HONDE EET DIT SOOS SOETKOEK!** Dit is ook goedkoper as die beenvormige hondekoekies wat jy by die winkel koop. En die beste van alles is dat jy al hierdie bestanddele in jou kas het.

Iemand vra my vandag of ek van kosmaak hou. O ja, sommer baie. Maar, daar is drie voorwaardes: 1. Ek moet al die bestanddele in my kas hê. 2. Ek moet weet wat ek moet maak. En 3. Ek wil my eie tyd gebruik. Daar is wel twee goed wat ek nie kan maak nie: ek kan nie krummelpap van fyn mieliemeel maak nie en ek kan die fudge maak nie.

Toe ons getroud is, het ek fudge gemaak om voor te sit as soetgoeters. My man spot nou nog dat dit die "most cooked fudge in the world" is. Ek dink ek het dit drie keer teruggegooi in die pot en weer en weer gekook met die hoop dat dit hard sal word. Helaas.

**GEPRAAT VAN FUDGE:** het jy al gehoor van "Gourmet Fudge"? Dit kom in allerhande liederlike, walglike, lekker variasies: melkterk fudge, peperment, grondboontjiebotter, Amarula, koffie, sjokolade en nog en nog. Dit smelt in jou mond. Nie soos suikerkorrelagtige fudge nie (ek hou nie daarvan nie), dit is supersag. Ek dink net daaraan en my heupe is twee broekgroottes groter.

Terug by die hondekoekies: hulle eet dit vir soetkoek op. Kom vra nog, maar hulle mag net een koekie in die oggend en een koekie in die aand kry. Ek dink dit is relatief gesond.

O, nee, hoor ek jou gil, daar is suiker en sout in die meeste grondboontjiebotter, en daar is MSG's in die soppoeier, en dan in daar nog ekstra sout ook by! Ten minste het ek dit met my eie hande berei en daar is die minimum preserveermiddels in.

Ek wonder soms wat ons sal doen indien ons weet presies wat in ons kos is. En wanneer ons al hierdie advertensies sien en lees, is ons veronderstel om vrae te vra oor alles wat ons nìè hoor nie.

Het jy al gesien hoe die meeste homeopatiese medikasie geadverteer word? Alles is mos "natuurlike" bestanddele. Het jy geweet dat dagga ook 'n "natuurlike" bestanddeel is?

Die ander dag lees ek 'n artikel oor GMO's. Dit is geneties gemodifiseerde organismes. Baie plante wat as voedsel vir ons dien, is GMO's. Met ander woorde: die genetiese materiaal is gemanipuleer of verander sodat die organisme groter of rooier of langer of meer weerstandbiedend is. Die artikel verduidelik al die nadele daarvan. Een leser het kapsie gemaak oor die "eensydige" beriggewing. Want wat van al die voordele daarvan?

Dis waar, maar ons hoor meestal net van die voordele. Iemand behoort ons van die nadele te vertel.

Ons aartappels, mielies, sojas, koring, tamaties, druiwe en nog baie ander plante, so ook vleis is GMO's. Daar is twee kante van die munt: GMO's kan dalk floreer in droogtetoestande, of is bestand teen siektes, of kan meer voedsel produseer of dit selfs gouer produseer as die oorspronklike organisme. Dis goed.

**DIE ANDER KANT VAN DIE MUNT IS DIE NADELE VAN GMO'S:** die wetenskaplike veiligheid daarvan is nog nie bewys nie. Wanneer jy eendag klaar gekyk het aan "Game of Thrones", gaan Google "The World According to Monsanto." Jy sal aan jou laaste stukkie GMO tamatie (daardie wat lank vars en rooi bly) stik.

Ons eet dit vir soetkoek dat enige kos wat ons in ons monde sit, gesond is. Want dit is mos "natuurlik".

Dan is daar natuurlik *(excuse the pun)* nog die radioadvertensie waaraan ek so moeilik sluk: Die verkoop van osoonmasjiene. Die verkoopsman vertel dat osoon goed is vir chroniese toestande, dit kan kanker behandel, kan chroniese moegheid genees, dit gee skop aan jou immuniteit en ontgif jou liggaam. Die man gaan dan aan en vertel hoe dit toegedien kan word: daar is 'n matjie wat in die stort gesit kan word en daar is ook iets wat jy in die bad kan gebruik, met 'n hele aantal spuite wat jou ook kan masseer. Dan vertel hy dat osoon soveel keer sterker is as chloor en daarom is dit goed vir jou, want dit dood al die goggas. Regtig? As iets sterker is as chloor, wil ek dit nie graag naby my lyf hê nie.

Hy vertel dat osoon uit drie suurstofatome bestaan. Dis 100% reg. Die een wat goed is vir onse lywe is O2, die gewone suurstof wat ons kan inasem. Hy maak daarop aanspraak dat osoon (O3) beter is as gewone suurstof. Want nou kry die selle meer suurstof en kan beter funksioneer.

Op papier klink dit reg, maar jou liggaam kan nie O3 in die bloed vervoer soos wat met O2 kan gebeur nie. As dit so maklik was, kon jy net vir 'n nag langs 'n fotostaatmasjien geslaap het. Dit stel genoeg osoon vry om jou vir ewig siektevry te hou. As die storie waar is.

**DIE AMERIKAANSE FDA HET NOG NOOIT DIE GEBRUIK VAN OSOONGENERATORS AS VEILIG VERKLAAR NIE.** So ook nie die gebruik van osoongas vir die behandeling van enige siekte nie. Osoon kan wel gebruik word om vervaardigingsmasjienerie skoon te maak, maar daar is geen wetenskaplike bewys dat osoonbehandeling genesend is nie.

As die FDA dit nie kan goedkeur nie, hoekom sal dit in SA toegelaat word? Het iemand homself al hierdie vraag gevra?

Die man in die advertensie sê wel dat die resultate nog nie wetenskaplik bewys is nie, dit is slegs geverifieer deur sogenaamde pasiënte wie die osoondingetjie al gebruik het.

En hy sê ook dat dit totaal natuurlik is. Ek wil byvoeg: soos dagga.

Maar ons eet elke liewe advertensie vir soetkoek op. Ons doen nie meer navraag oor waar ons kos of pilletjies of poeiertjies vandaan kom nie. Solank dit natuurlik is, is dit reg en goed, reken sommige.

Daar kan dagga in soetkoek ook wees.

Dink twee keer.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Erediens (Jeug)
Sin Kol: Fonds vir Opleiding van Teologiese Studente
Kategese / Blok 4

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Kinderdiens
Sin Kol: Jeugbedieninge / Kategese
18:00 Aanddiens

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens (Nagmaal)
Diensbeurte: Wyk 4 & 5

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron) / Voorbereiding
VBO Les 14

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38, Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00
**Woensdae:** 18:00 Bybelstudie
Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

## Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz

*Program vir week*

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**
*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
*Geen byeenkomste tydens skoolvakansies*



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is **VYF DAE** per week vir die publiek oop en die tye is as volg:
**Maandae TOT Vrydae**
09:00 - 16:30
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & Openbare Vakansie dae.***

**God sê:** *(Barbara Johnson)*
• Jy sê: Dit is onmoontlik." God sê: "Alles is moontlik." (Luk. 18:27)
• Jy sê: "Ek kan nie verder nie." God sê" "Ek sal jou op die regte pad laat loop." (Spreuke 3:6)
• Jy sê: "Ek is magteloos." God sê: "God is by Magte." (2 Kor. 9:8)
• Jy sê: "Ek sal my nooit kan vergewe nie." "Ek het klaar vergewe." (Rom. 8:1)
• Jy sê: "Ek is bang." God sê: Moenie bang wees, klein kuddetjie (Lukas 12:32)
• Jy sê: "Ek is baie bekommerd." God sê: "Werp al jou bekommernisse op My." (1 Petrus 5:7)
• Jy sê: "Ek voel baie alleen." God sê: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie." (Heb. 13:5).
**Bron:** Lewende Lote **Ingestuur deur:** Helene Howell

# GEKLASSIFISEERD
Smalls

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Lizzy** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 18 Mei | 12 / 25 | Sonnig |
| So 19 Mei | 9 / 26 | Sonnig |
| Ma 20 Mei | 8 / 25 | Sonnig |
| Di 21 Mei | 8 / 25 | Sonnig |
| Wo 22 Mei | 7 / 24 | Sonnig |
| Do 23 Mei | 6 / 21 | Sonnig |
| Vr 24 Mei | 6 / 21 | Sonnig |
| Sa 25 Mei | 6 / 21 | Sonnig |
| So 26 Mei | 6 / 21 | Sonnig |
| Ma 27 Mei | 6 / 21 | Sonnig |
| Di 28 Mei | 6 / 21 | Sonnig |

## KENNISGEWING

### KENNISGEWING
**SLOOTKRAAL- & GOTTENBURG BRANDBESKEMINGSVERENIGING**

Neem kennis van die jaarvergadering van Slootkraal- & Gottenburg Brandbeskermingsverenigingvergadering wat gehou sal word.

**Datum: 21 Mei 2019 - Tyd: 14:00**
**Plek: Boeresaal by Heilbron Gholf Klub**
***Spreker: Pieter Kemp (BBV) & Paul Els (Versekering)***

Dit is belangrik dat alle lede en voornemende lede in die omgewing die vergadering sal bywoon.

***Navrae: Marais Breytenbach 079 874 8849***
***Elsabé Engelbrecht 082 308 6797***

### KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE
In die boedel van wyle **JOHANNES PETRUS BENADE,** Identiteitsnommer: 480611 5027 084, getroud binne gemeenskap van goed met **ALBERA BENADE,** woonagtig te plaas Mara Frankfort, distrik Frankfort, Provinsie Vrystaat wie oorlede is op 25 Februarie 2019, boedelnommer: 2377/2019.
Alle persone met vordering teen bogemelde boedel moet dit binne 30 (Dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by die betrokke Eksekuteur inlewer.
Gedateer te Heilbron op hierdie 3de dag van Mei 2019.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & VENNOTE ING.**
**KERKSTRAAT 40**
**POSBUS 205**
**HEILBRON, 9650**

### KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE
In die boedel van wyle **ALBERT DONOVAN BEZUIDENHOUT,** Identiteitsnommer: 620919 5052 080, ongetroud, woonagtig te 6de Straat no. 92 Heilbron, distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat wie oorlede is op 2 April 2019, boedelnommer: 3214/2019.
Alle persone met vordering teen bogemelde boedel moet dit binne 30 (Dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by die betrokke Eksekuteur inlewer.
Gedateer te Heilbron op hierdie 3de dag van Mei 2019.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & VENNOTE ING.**
**KERKSTRAAT 40**
**POSBUS 205**
**HEILBRON, 9650**

### KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE
In die boedel van wyle **ANNA SUSANNA BEZUIDENHOUT,** Identiteitsnommer: 701119 0015 081, ongetroud, woonagtig te Piercestraat No. 103 Heilbron, distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat wie oorlede is op 25 Maart 2019, boedelnommer: 3341/2019.
Alle persone met vordering teen bogemelde boedel moet dit binne 30 (Dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by die betrokke Eksekuteur inlewer.
Gedateer te Heilbron op hierdie 3de dag van Mei 2019.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & VENNOTE ING.**
**KERKSTRAAT 40**
**POSBUS 205**
**HEILBRON, 9650**

### KENNISGEWING AAN KREDITEURE & DEBITEURE
In die boedel van wyle **JACOMINA SUSANNA ELIZABETH PRETORIUS,** Nommer 008040/2018, Identiteitsnommer 310325 0005 08 8 wat gewoonlik woonagtig was te Gilbertstraat 28, Heilbron en wat te Sebokeng op 8 Februarie 2018 gesterf het.
Enigeen wat 'n eis het teen bogenoemde boedel word hiermee versoek om sodanige eis by ondergetekende in te dien binne 30 dae van die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 6de dag van Mei 2019.
**JH JANSEN**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58**
**POSBUS 890**
**HEILBRON, 9650**
**VERW: PRE6/0005/0001/JHJ/cm**

### KENNISGEWING
Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE JACO VAN HEERDEN COETZEE,** Identiteitsnommer 840629 5007 083 in lewe 'n Tegnikus woonagtig te Fronemanstraat 19, Reitz, 9810, ongetroud.
**Datum van afsterwe: 28 Januarie 2017**
**Boedelnommer: 009420/2017**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ**
**9810**

### KENNISGEWING
In die boedel van wyle **MARIA MAGDALENA MOUTON,** Identiteitsnommer 470904 0039 085, 'n weduwee wie oorlede is op 31 Augustus 2018 en woonagtig was te Tannerstraat 44, Heilbron, 9650.
**Meesternommer: 9133/2018**
Geliewe kennis te neem dat die Eerste- en Finale Likwidasie- en Distribusierkening van bogemelde Boedel by die Landdroskantoor te Heilbron en die Meester van die Hoë Hof te Bloemfontein ter insae sal lê vir 'n tydperk van 21 (een-en-twintig) dae en gereken vanaf 17 Mei 2019.
Naam en adres van eksekuteur of gemagtigde agent
**GERDA SMALL PROKUREURS**
**WATERSTRAAT 22**
**PARYS, 9585**
**TEL: 056 817 6026**
**VERW: G SMALL/M277**
Geteken te Parys op hierdie 7de dag van Mei 2019.

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by**
**Magda Bierman 083 292 1503**

### ROLBALKLUB HEILBRON
*Potjiekos - Hoender en skaapskenkel*

**24 Mei 2019**

Kom en geniet 'n heerlike warm ete.
Tyd: 17:00 | Prys R60-00
***Wegneemetes sal ook beskikbaar wees***
***Bring net jou eie bak.***
***Kontak Hannalie 079 040 0531 of***
***Magda 083 292 1503***




**Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.**

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae tot Donderdae:**
07:30 tot 17:00
**Vrydae:** 07:30 tot 16:30
**Saterdae:** 08:30 tot 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033
Faks: 058 853 0140
heraldnuus@heilbron.co.za

Herald Office National


### MAMA JOY
- Bring back lost lover
- Magic wallet
- Quick money on the account
- Get promotions at work
- Manhood Enlargement
- Hips & bums cream available
- Financial problems

**Tel: 067 392 9874**


## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
*Vir die beste transaksies en diens*

**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**

## TE KOOP

### AANKOOP VAN SPEENKALWERS
Aankoop van alle speenkalwers.
**Kontak Jannie Bornman**
**072 287 4111 • Heilbron**






### VERVOER VAN GRAAN
Vragmotor beskikbaar vir die vervoer van ±3.3 ton graan na silo's. Dadelik beskikbaar.
**Kontak Koos**
**082 425 6500**

### BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring**
**082 851 6158**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### JAAR-BEPLANNER
**MEI**
*22 Huis-en Tuinbouklub vergadering*
**JUNIE**
*12 Huis-en Tuinbouklub vergadering*
**AUGUSTUS**
*2-3 Boeretreat*
*21 Huis-en Tuinbouklub vergadering*
**SEPTEMBER**
*18 Huis-en Tuinbouklub vergadering*
**OKTOBER**
*12 SPAR-Gholfdag*
*23 Huis-en Tuinbouklub vergadering*

### VACANCY
Agents wanted to sell funeral plan. SMS name and cell number to
**067 929 4902**

### ROLSTOEL PROJEK
Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

**Spertyd vir koerant is Woensdae om 10:00. Vir enige advertensies en artikels kontak gerus vir Jolandri by 058 852 3033.**

## DIENSTE

### HEILBRON KLINIEK
Griepspuite nou beskikbaar by kliniek.

### BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON
***PLEK: N.G Kerksaal (Suid)***
- 28 Mei 2019
- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019 (Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).
- 26 November 2019





**AANDAG** Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.

### DON'T LET PROBLEMS TAKE OVER YOUR LIFE R200 CAN FIX ALL YOUR PROBLEMS








I'm Thato, a mother of 4. I suffered before I met this powerful women **MAMA GIFT.** I was stressed after losing a lot of money to other doctors. I called **MAMA GIFT** & explained my problems of which she gave me a magic wallet that give me R15 000 every day.

**GAMBLER LUCK OIL MADE US WIN LOTTO & CASINO**
My family couldn't believe it but after buying the gamblers lucky charm for only R200, I went & played **AMERICAN ROULETT** with only R100 & won R1 million that night. We were shocked to see that we had won & could not believe it.
Thanks to **MAMA GIFT's LUCKY GAMBLERS OIL** - Saved our future.

**CALL MAMA GIFT 063 339 6707**

### TRADITIONAL HEALER
*Dr Zakaria*



- Bring back a lost lover
- Fix troubled marriage
- Win a court divorce case
- Stop your partner from cheating
- Recover stolen goods.
- Remove bad luck - cleansing.
- Spiritual magic ring for gambling.
- Magic wallet for money.
- Penis enlargement and power.

CELL: 076 626 3002



# Wen Moedersdagprys



*Kleuterkasteel het iemand se hart baie gelukkig gemaak hierdie Moedersdag. 'n Gelukkige trekking het Vrydag by die skool plaasgevind nadat alle lootjies wat verkoop is in 'n sak gegooi en 'n wenner getrek is. Baie geluk aan Rita Keogh wat met hierdie yslike groot Moedersdagprys weggestap het. Op die foto verskyn agter: Bokkie Myburgh en Jessie Groenewald. Voor: Rita Keogh en Micayla Keogh. Kleuterkasteel bedank hulle borge wat dit vir hulle moontlik gemaak het om so 'n pragtige geskenkpakkie te kon opmaak, en aan al die ouers vir die verkoop van kaartjies, dit was 'n groot sukses!*


# Ontvang sportsakke



*Die o/13 rugbyspan van Hoërskool Heilbron het hulle sportsakke vir die rugbyseisoen vanaf Pannar ontvang. Die trotse rugbyspelers is van voor: Riaan Joubert en Gerhardu Lourens. Middel: AJ Mouton, Rele Mokoena, Abrie Grobler en JC Potgieter. Agter: Bees Brits, Brendon Kotzé, Luttig Roux, Wynand du Plessis, Tiaan Brits, André Viviers, Marnus Labuschagne, Yullin Willemse en Gerhard Nel (verteenwoordiger van Pannar).*

## Kontantprys wenner

### *Kleuterkasteel Heilbron*



*Hennie Viviers, 'n kleuter by Kleuterkasteel, het die prys gewen vir die meeste kaartjie-verkope vir die Moedersdaggeskenk. Hy het altesaam 84 kaartjies gekoop en is aangewys as die wenner van die kontantprys. Baie geluk Hennie!*

## Gekies vir Valke rugbyspan



*Rugbyman, Tiaan Brits, van Hoërskool Heilbron is gekies vir die Valke B-rugbyspan. Tiaan gaan aan die toernooi gedurende 12 en 15 Junie in Potchefstroom/ Klerksdorp deelneem. Hy speel môre 'n wedstryd in Welkom en op 25 Mei in Ermelo.*





## U EEN STOP WINKEL

**BESIGHEIDSURE**

**Maandae tot Donderdae:** 07:30 tot 17:00
**Vrydae:** 07:30 tot 16:30
**Saterdae:** 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.

***Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.***

Elsstraat 44 • Heilbron

Tel: 058 852 3033
Faks: 058 853 0140

heraldnuus@heilbron.co.za

Herald Office National


## *Ons hoor graag van jou*

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.






## HOËRSKOOL HEILBRON, KWARTAALPROGRAM

**17 Mei**
Prim. ATKV Redenaars (Kroonheuwel)

**21 Mei**
Sek. hokkie: H/S Riverside (weg)

**23 Mei**
Sek. Netbal: Rondomtalie
Prim. Netbal: Lumiere (weg)
Sek. Rugby: Phoenix (weg)
Sek. Hokkie: Sun Crest (tuis)

**25 Mei**
Hoërskool Heilbron Wintersportdag

**27 Mei**
Sek. Netbal: Liga Finale (SHS)

**29 Mei**
Sek. Hokkie: Vanderlbijlpark (weg)

# Vaaldam se geheime - Deel 5

*• Renè Fourie*



*Ben Vosloo, Sarie Vosloo en Henko met sy doop.*



*Tannie Stein, Yolandi Booker (Kleinkind), Hendrik Adriaan Vosloo (jnr).*

Soos genoem in vorige berigte het Cyferfontein (Cijferfontein) en Zandfontein se geslagte ook die Eerste Vryheidsoorlog van 1880-1881 in Transvaal, 1895-1896 die runderpes uitbraak en die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, dan nog die rebellie van 1914-1915, oorleef.

Susarah Susanna (Sarah) Roets het in die huwelik getree met Christoffel Bernardus Vosloo. (Reeds in deel 4 genoem) Hendrik Adriaan (1875) die oudste seun van Sarah en Christoffel Vosloo oorleef saam met sy moeder die onteiening van die plase in 1934, met die bou van die Vaaldam. Hendrik Adriaan Vosloo, was reeds die eienaar van 'n gedeelte van Cyferfontein.

Sarah, sy moeder, verhuis saam met Hendrik na Diedericksdam (plaas nr 534) in Heilbron (Vegkop) distrik. Sy was reeds 85 jaar oud toe sy Cyferfontein moes verlaat. Christoffel soos reeds genoem, het in 'n watergraf agtergebly in die kerkhof op Cyferfontein. Sarah is oorlede op die 15de Desember 1959 en ter ruste gelê op Diedericksdam.

Hendrik Adriaan en Wilhelmina Catharina Vosloo het 5 kinders gehad.

1) Jacoba Christina Dorothea (Kona) Vosloo (Cronjè) (van Tonder) gebore op 30 April 1923 en oorlede op die 16 de Julie 2008. Begrawe op Diedericksdam.

2) Christoffel Bernardus Vosloo - hul enigste seun (Gebore op 7 April 1905 - oorlede 2 April 1984).

3) Johanna Clasina Vosloo (Gebore 12 Oktober 1909 - oorlede 21 Oktober 1979) Begrawe Diederiksdam.

4) Sara Susanna Vosloo (Kruger) gebore 7 Julie 1911 - oorlede 7 Maart 2002) begrawe Diedericksdam.

5) Wilhelmina Catharina Georgina Vosloo (Gebore 23 November 1914 - oorlede 17 September 1965) genoem “Willie”. Begrawe op Diedericksdam.

Hendrik Adriaan Vosloo is oorlede op die 2de Desember 1960, op die ryp ouderdom van 85, hy is ter ruste gelê op Diedericksdam. Wilhelmina Catharina Georgina (Viljoen) Vosloo is oorlede op die 4de November 1966. Haar graf kan ook gevind word by die kerkhof op Diedericksdam. Sy was 80 jaar oud.

Wat het van Hendrik Adriaan se nageslag geword? Diedericksdam was hul erfenis nadat Cyferfontein so wreed van hul onteien was deur die staat.

Hendrik het twee dogters gehad wat nooit getrou het nie, Johanna en “Willie” Vosloo. Johanna was gebore op Cyferfontein en was deel van die skoolkinders wat met die skuit oor die Vaaldam moes roei.

Diedericksdam verdeel tussen “Ben” - Christoffel Bernardus Vosloo - oudste seun van Hendrik Adriaan, Johanna Vosloo en Sara Vosloo (Kruger). Kona het in Heilbron se bejaardesorg gebly - Huis-Bron-van-Heil, sy was getroud met Ds. Renier van Tonder. Johanna, “Willie” en Susarah Susanna Roets het in die ou opstal by Diedericksdam gebly.

“Ben” het sy erfdeel van Diedericksdam verkoop aan Dawid Mostert wat die grond weer aan Hein Vosloo verkoop. Christoffel en Amanda Vosloo boer op die grond tot en met hul dood, waarop Willie en Almari Vosloo die grond oorvat en vandag steeds boer.

Johanna se gedeelte verkoop sy aan Christo, seun van Hennie (Hendrik Adriaan Vosloo jnr) en Ria Vosloo in 1978. Hulle verkoop die grond weer aan Christo se vader Hennie - Hendrik Adriaan Vosloo (jnr).

AD Bezuidenhout koop by Hennie Vosloo wat dan weer die grond verkoop aan Johnny Claassen en Hannalie Claasen wat steeds die grond besit.

Sara Vosloo (Kruger) se twee dogters erf onderskeidelik haar gedeelte van Diedericksdam nl, Ina Venter en Anna Olivier. Anna verkoop haar gedeelte aan Ds. Nico Brayshaw.

“Ben” (Christoffel Bernardus Vosloo) het in die huwelik getree met Susara Johanna Engelbrecht - gebore op die 15 de Mei 1906 - Hul huweliksdatum 19 Februarie 1929. Susara was afkomstig van Oranjeville, Prospect View plaas. Ben het geboer op Zeekoeifontein ook in die Oranjeville distrik ten tye van hul huwelik. Ben het ook 'n huis in Heilbron besit - erf nr 520 - Piercestraat 84.

Ben en Susara het 6 kinders wat uit hul huwelik gebore was.

1) Hendrik Adriaan Vosloo (jnr).

2) Hendrik Petrus Vosloo.

3) Susanna Johanna Muller - gebore Vosloo.

4) Wilhelmina Catharina Georgina Els - gebore Vosloo.

5) Susara Bernardina Dreyer - gebore Vosloo.

6) Johanna Clasina de Waal - gebore Vosloo.

Susara (Engelbrecht) Vosloo is oorlede op die 8 November 1993. Ben is oorlede as gevolg van Koronêre Hartvatsiekte op die 2de April 1984. Albei is ter ruste gelê in die Heilbron Begraafplaas en nie op Diedericksdam nie.

Hendrik Adriaan (seun van Ben), genoem Hennie, is onlangs ter ruste gelê in Vegkop Begraafplaas. Oom Hennie was met tannie Stien getroud. Hennie is die vader van Riana Crause (woonagtig in die Kaap) en Christo Vosloo (getroud met Ria Vosloo).



*Henko en Hendrik Adriaan Vosloo (jnr).*




*Christoffel B Vosloo grafsteen.*



*Christo en Ria Vosloo.*




*Susara Vosloo grafsteen.*

Die hartseer verhaal kom tot 'n einde met die Vosloo nageslag van Christoffel Bernardus Hendrik Adriaan Vosloo wat begin het op Cyferfontein.

Die afsterwe van Hendrik Adriaan (Henko) gebore op die 18de Januarie 1982, die heel laaste nageslag van Cyferfontein, is oorlede op die 30ste Januarie 2014. Henko was die seun van Christo en Ria Vosloo.



*Henko Vosloo*

# Paasgebeure



*'n Toneel is geskryf deur Sylvia Meades, bestuurderes van Heilbron Dienssentrum, wat afspeel direk ná Jesus se opstanding. Hierdie toneelstuk wat handel oor paasgebeure is deur ds Tiaan Victor gesien terwyl die lede van die Dienssentrum dit opgevoer het. Hierdie stuk is toe weer opgevoer tydens Sondag se preek in die NG Suidkerk. Die dissipels dink na oor wat Jesus se kruisiging voorafgegaan het; en hoe dit hulle raak. Elkeen neem hulle eie lewe in oënskou en besef hoe hulle sonde hulleself en ander mense beïnvloed het. Dan ontdek hulle ander talente en gawes wat hulle het; en waarmee hulle die Here voortaan gaan dien om dankie te sê vir hulle verlossing. Daar was 'n agtergrondstem gedoen deur Sylvia Meades wat die gebeure in perspektief geplaas het. Die toneelspelers was as volg: Yolande Rossouw (as Maria Magdelena), Sharky Kuhn (as Mattheus), Joggie van Vreden (as Petrus) en Albertha Kuhn (as Maria, Jesus se ma).*



# SPORTverslag

# Suid Kerk nooi gholfers uit



Hiermee 'n uitnodiging namens Heilbron NG Suid Kerk na hul gholfdag wat op 8 Junie gehou word.

Volgens Dries Cilliers, hoof-organiseerder vir die kerk, beplan hulle die Vrydagaand 'n gesinsaand met gasspreker Dawie Spies wat families gaan toespreek. Daar gaan ook 'n paar items opgeveil word en klink dit of onder andere jagpakkette ook onder die hamer gaan kom. Hy sê voorts dat dié Saterdag se gholf groot gaan wees en kan besighede 'n vierhand boek vir net R2 000, daarvoor kry hulle gratis gholf, 'n halfweg ete en die aand 'n steak-ete.

Wat betref die afgelope naweek se gholf, het die ligaspan hulle beste gegee, maar dit was nie goed genoeg nie, hulle verloor 11 - 7 teen Bethlehem 2. Julyan Bruyns het 'n kapteinsbeurt gehad en wen al sy wedstryde.

Die president het familieverpligtinge volgende naweek en moes die Presidents- en Kapteinsdag geskuif word om saam te val met die Heilbron VKB dag wat op 13 Julie gaan plaasvind. Maak solank vriende met een van die twee as jy in die span wil wees.

Die gholfkalender vir die volgende twee maande sien soos volg daaruit:

8 Junie NG Suid-dag, 22 Junie Kansa-dag, 28/ 29 Junie: Bokkedag en 13 Julie VKB Presidents- en Kapteinsdag.

Môre is dit gewone spel en spelers kan gerus hulle laaste putjiespel bepaling speel. Inskrywings vanaf 12:00


NG KERK SUID
"Drive Thru"
Kerksaal 24 Mei 2019
vanaf 16:00 tot 18:00
Gevulde pannekoek
Maalvleis of hoender R15 en
Nagereg: R10
Bestel asb by: Wendy 071 785 7517 of Dawn 082 487 1162



Heilbron • Edenville • Frankfort

Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067
VLEISSENTRAAL





Herald
Office National
058 852 3033 | 44 Els Street, Heilbron, 9650
herald@heilbron.co.za | marketing@heilbron.co.za



BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 20 MEI 2019
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 21 MEI 2019
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

WOENSDAG - 22 MEI 2019
ORANJEVILLE : STELENA SAVM
40 Geregistreerde ramme, 15 stoetooie & 200 jong kommersiële ooie
11:00, Nooitgedacht, Oranjeville
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

DONDERDAG - 23 MEI 2019
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Linde 079 679 1718
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

VRYDAG - 24 MEI 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
FRANKFORT : MWS BOERDERY
2042 Goeie boerskape, perde, voer en implemente
11:00, Langspruit, Frankfort
Kontak Gert Burger 082 822 1952
ARLINGTON : THE BEST OF THE BEST WAGYU VEILING
130 Wagyu beeste
11:00, Woodview, Arlington
Kontak Brian Angus 082 573 9687

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za


## JACK RUSSELL HONDJIES TE KOOP

**Jack Russell hondjies te koop teen R80 elk. 5 Weke oud. Beskikbaar 24 Mei 2019.**

Skakel Johan 079 193 0335

### JAARPROGRAM : 2019
### RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 25 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 1 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 27 JULIE | OVER UNDER SPANSKIET | 09:00 |
| 17 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 24 AUGUSTUS | BOSVELD OEFENING | 09:00 |
| 14 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 23 SEPTEMBER | INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN | |
| 5 OKTOBER | SKIET OEFENING | 09:00 |
| 5 OKTOBER | TROFEE MEET | 09:00 |
| 19 OKTOBER | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 8 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 23 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2020 MOET NOU BETAAL WORD | |

